# ‘n Tyd vir geboorte en ‘n tyd vir sterf!

**Prediker 3:2** **Don 11 Feb 2021**

**<u>1953 vertaling Pred 3:2</u>** **“**‘n tyd om gebore te word en ‘n tyd om te sterwe,”

**<u>Bron</u>:** Venter J. 2015 Die boek Prediker. Van alles tevergeefs tot ‘n hoopvolle toekoms saam met Christus.p.54-58

‘n Geboorte bring altyd vreugde in ouerharte. Die dood bring dikwels hartseer en pyn en lyding en verlange. En tog is beide die geboorte en die dood in die raadsplan van God. Oor beide geboorte en dood kan ons rustig en vertroos wees dat dit deur ons Hemelse Vader bepaal is.

Vanmôre is daar in ons familie en gesin groot vreugde, ons oudste seun en sy vrou het vanmôre ‘n babadogtertjie ryker geword. Dit is hulle derde kindjie en ons vyfde kleinkind. Dit bring ons net weer voor die groot dankbaarheid van die geboortedag wat deur God bepaal word.

Maar geboortes is nie maar vanselfsprekende gebeurtenisse nie. Almal is nie bevoorreg om die vreugde te beleef nie. Dink maar hoe graag Abraham en Sara kinders wou gehad het. Hulle moes wag totdat Abraham 100 jaar oud en Sara 90 jaar oud was. God het ook vir hulle belowe dat hulle baie kinders sal hê soos die sand van die see. Gen 17:17. Ons lees dat Dawid en Batseba se eerste kindjie dood is. So lees ons hoedat almal se geboortedag en sterfdag bepaal is deur God.

God het ons al by die naam geken nog voor ons geboorte. So lees ons van Jeremia in **<u>Jer 1:5:</u>** “Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy en jou as profeet vir die nasies aangestel.”

God laat die Psalmdigter in **<u>Psalm 139:13-18</u>** op ‘n baie poëtiese of digterlike manier beskryf hoe wonderlike die vorming van ‘n babetjie in die moederskoot en die geboorte is. Daarmee saam natuurlik ook dat die geboortedag bepaal is. **<u>Ps 139:16</u>** “U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is.”

Geboorte bly altyd vir christene ‘n vreugde, ‘n dankbaarheid ‘n tyd om te jubel. Alhoewel niemand egter sy of haar geboortedag bepaal of beleef het nie, is daar wel Een wie se geboortedag, tyd, plek bepaal was nl. ons Here Jesus Christus. God het bepaal dat Hy in Betlehem in ‘n krip gebore sou word. God het ook bepaal dat Hy aan die kruis moes sterf. ‘n Bittere, pynlike dood. ‘n Dood waarvoor Jesus na sy mensheid ook voor bang was. Hy het gebid dat dit moes verbygaan as dit God se wil is, maar Hy moes in ons plek sterwe sodat ons die lewe kan hê. **<u>Ef 1:9</u>** “ Hy het kragtens sy besluit en voorneme die geheimenis van sy wil aan ons bekend gemaak **<u>10</u>** en dit deur Christus tot uitvoering gebring op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het. Sy bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een Hoof te verenig, naamlik onder Christus.”

Daarom lê daar vir ons ‘n groot troos is hierdie gedagte uit Prediker 3:2: **“**‘n tyd om gebore te word en ‘n tyd om te sterwe,” Want selfs die sterwe hou nie vir ons verskrikking in nie. Vir die christen is dit net ‘n deurgang na die ewige lewe. ‘n Christen gaan nie dood nie, maar gaan net na sy/haar ewige Vaderhuis. Daar is vir ons groot vertroosting in hierdie openbaring, geboorte en sterwe, want beide is van God, maar die genade is, dat ons altyd by God is. Ja, soos ons bely, of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan God.

**AMEN** *(Ds Gerrit Kruger Gereformeerde Kerk Centurion. Sel 082 964 5595)*